MAART-APRIL 2022

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord"* (Jer. 33:3)

# JAPANSENDING

## SLUIT AAN BY GOD SE FAMILIE

Yoshifumi Tanaka is in 1963 gebore in Nagano. Sy vader het 'n klein winkeltjie gehad wat *papierdeure vervaardig het. Hy en sy twee susters is van 'n vroeë ouderdom geleer om die lokale gode te aanbid en die voorvaders te vereer. *papierdeure -- *shoji*: verskillende lae papier wat lig deurlaat en in die huis gebruik kan word as bv. afskortings.

"Toe my ouer suster begin skoolgaan het, het 'n vriendin haar genooi na die Sondagskool, het Yoshifumi gedeel.

"Sy het dit gereeld begin bywoon, en het toe vir my en my jonger suster genooi om ook saam te gaan. Ek het nie baie belanggestel om kerk toe te gaan nie, maar het saamgegaan met Kersfees en ander spesiale geleenthede. Albei my susters het as tieners hulle harte vir die Here gegee.

Ek het lateraan na Tokio gegaan om universiteit toe te kan gaan. Dit was baie ver van die huis af. Ek het baie hard studeer, maar het tog huis toe begin verlang, omdat ek baie alleen was. Toe ek my suster daarvan vertel het, het sy 'n kerk in Tokio gekontak en gereël dat hulle my besoek sodat ek nie meer so alleen sou voel nie.

Die predikant van die kerk het my na sy huis toe genooi, waar ek verwelkom is deur 'n warm bord kos en hartlike gasvryheid. Ek het dadelik tuis gevoel en het die byeenkomste en Bybelstudies begin bywoon. Ek het Sondae van die môre tot die aand by die kerk gebly, en selfs Saterdae gegaan.

Ek is getref deur die opregte en opofferende manier waarop die predikant en sy vrou vir ons liefde gegee en na ons omgesien het. Ten spyte daarvan dat hulle nie baie geld gehad het nie, het hulle dikwels 30 studente verwelkom met goeie kos en gemeenskap. Die meeste van ons was ver van die huis, sodat ons begin voel het dat hierdie ons tweede huis is ver weg van ons regte huis.



*Ds. Yoshifumi & Makiko Tanaka*

Toe ek die Bybel begin bestudeer, is ek geïnspireer deur die diep verlange en ywer van my mede-studente om getroue dissipels van Christus te word. Soos wat ek ingelei is in hierdie nuwe wêreld het ek stukkie vir stukkie verstom begin raak oor die waarhede wat ek ontdek het in Gods Woord.

Ek het verlang om deel te wees van hierdie familie van Christus, maar het nog gevoel of ek van die buitekant af inkyk.

Toe ek 'n spesiale geleentheid bygewoon het, het ek 'n diep gewaarwording van God se teenwoordigheid gevoel terwyl hulle liedjies gesing het.

Die vers wat my getref het, was Handelinge 16:31: '***Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou hele gesin***'.

Net daar en dan het die Here tot my hart bespreek en ek het besluit om my hart vir die Here te gee. Dit was 1983 toe ek 20 jaar oud was.

Nadat ek gegradueer het, het ek gebid daaroor of ek Bybelskool toe moet gaan en voltyds vir die Here moet gaan werk. Desnieteenstaande het die Here my gelei om te gaan werk vir 'n maaskappy wat timmerhout in- en uitvoer.

Ek het steeds die kerk in Tokio bygewoon totdat my werk my verplaas het na 'n ander tak in Osaka.

Terwyl ek in Osaka was, het ek 'n ander kerk gevind waar ek Makiko ontmoet het. Sy was betrokke by daardie kerk as 'n Bybelskoolstudent in haar tweede jaar.

Kort daarna het 'n verhouding tussen ons ontwikkel. Makiko het lateraan oortuig geraak dat hulle maar kan trou. Na vele selfondersoek het die Here my omstandighede gebruik om my te lei tot voltydse diens in sy koninkryk. Ek het toe besluit om my werk te bedank en die Bybelskool by te woon.

Ons is kort daarna in Maart 1997 getroud. Terwyl Makiko in haar derde jaar by die Bybelskool was, het ek met my eerste jaar begin.

Nadat ek gegradueer het, is ons aangestel as bedienaars van 'n kerk waar ek sewe jaar gewerk het. Ons het toe na die VSA verhuis waar ek my twee jaar van studie by 'n kweekskool voltooi het.

Ons het toe weer in 2009 na Japan teruggekeer waar ons aangestel is om te dien in 'n kerk in Osaka. Dit is waar ons nog steeds besig is met die bediening.

## WERK IN VENNOOTSKAP

Japansending werk in vennootskap met ds. Yoshifumi Tanaka en sy vrou Makiko, om na die gemeenskap vir Christus uit te reik. Japansending stuur elke week 'n sendeling na hulle kerk om Engels te doseer aan die ongeredde mense in daardie area.

Hierdie Engelse klasse het vir hulle wonderlike geleenthede gegee om God se liefde te deel met baie mense, wat andersins nooit kerk toe sou gegaan het nie. **Bid asseblief** dat ons saam sal kan voortgaan om baie saad te saai vir sy koninkryk.

Makiko het ook aangehou om as deeltydse werker te werk by Japansending. Haar verantwoordelikhede het ingesluit kantoorwerk, die literêre bediening en

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO**
**IKOMA CITY, NARA KEN**
**630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**

**Posbus 30106**
**WONDERBOOMPOORT 0033**
**Tel: (012)377-1533**
**083 719 0227**
**Faks: (012)377-1533**
**sa@japanmission.org**

**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - “BID VIR ONS”**

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Engelse Evangelisasie

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** **teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**▪ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie ’n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal ’n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**▪ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 1/2, 14/2, 16/2, 21/2, 1/3, 2/3, 4/3, 7/3, 15/3, 16/3.**

**ABSA BANK:- 1/2/2022, 2/2 NLM, 4/2 Helderberg, 5/2, 14/2, 15/2, 17/2, 18/2, 22/2, 26/2,1/3 2/3 NLM, 9/3, 14.3, 18/3.**

**▪ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. ’n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of ’n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

hulp met die Engelse Evangeliese Program deur die Bybellesse aan te bied aan die ouers en kinders wat die Kinderklubbediening bygewoon het. Baie seën het voortgespruit uit haar Bybelgesprekke. Die Here het voortgegaan om haar te gebruik om ons te help om wonderlike verbintenisse in ons gemeenskap te bewerkstellig.

**Bid asseblief** vir wysheid en sterkte vir Makiko terwyl sy voortgaan om te help met verskeie aspekte van Japansending. **Bid** ook vir seën en beskerming vir beide ds. Tanaka en Makiko, terwyl hulle tydens gemeenskapsbyeenkomste die Christene bedien en uitreik na die ongereddes.

## GEBEDSVERSOEKE

1. Die Here het ds. Yoshifumi en Makiko geseën met vier kinders in hulle huwelik: Shiki (21), Sou (18), Kazushi (16) en Chika (12). **Bid** dat die Here hulle sal seën en beskerm terwyl hulle streef daarna om godsdienstige kinders in hierdie goddelose tyd groot te maak.

2. Yoshifumi het opgegroei in die landelike gedeelte van Japan, in ’n tyd toe die mense nog hardnekkig vasgeklou het aan hulle tradisies. Sy ouers het later hulle teleurstelling uitgespreek, omdat al drie hulle kinders nie die religieuse tradisies nagevolg het nie, maar Christene geword het. **Bid** vir Yoshifumi se vader wat nou 87 jaar oud is en wat nog moet besluit om sy vertroue in die Here te plaas.

3. Ons ontvang nog steeds verslae van ons bedieningsvennote wat in Mianmar werk van die afgryslike gruweldade wat daar plaasvind. **Bid** vir die Christene en die kerk in Mianmar. **Bid** ook vir die berskerming van die werkers wat die kosbare Woord van God oor die grense dra vir hierdie onderdrukte en vervolgde mense.

## CORONAVIRUSOPDATERING

Daar was ’n dramatiese toename van COVID-19 gedurende Februarie, waar die gevalle gestyg het tot meer as 100,000 daagliks, wat tot gevolg gehad het dat in die meeste dele van Japan ’n noodtoestand afgekondig is.

Die Here het ons in hierdie tye steeds in staat gestel om baie te bereik met die evangelie deur die internet. Ons het heeltemal gewoond geraak daaraan om ons Bybelgesprekke en Engelse klasse oor te skakel na aanlynsessies.

Die Here het voortgegaan om hierdie metodes op merkwaardige wyses te gebruik. Studente het van verskeie dele van Japan by ons aanlynsessies aangesluit. Een Engelse Christenstudent het van ’n naburige prefektuur aanlyn by die Engelse klasse aangesluit. Haar gesigsuitdrukking was ernstig en sy was duidelik oor iets bekommerd. Sy het pas gehoor dat die dominee van haar kwynende landelike kerk bedank het, en hulle moet ’n nuwe dominee vind.

Kerke sonder ’n dominee is besig om toe toe neem, veral in die landelike gebiede van Japan. Die internet help egter om hierdie struikelblok te oorbrug. Ons is dankbaar vir die baie kerke wat begin het om die krag van aanlynaanbiddingsdienste aan te wend om hierdie groeiende nood te verlig.

Een vrou het eendag laat ingeskakel vir die Engelse aanlynklas deur te sê: “Jammer! Jammer! Ek is laat.” Sy het verduidelik dat ’n ou vriendin haar geskakel het. Hulle was vriende vir baie jare, maar het van mekaar weggedrywe sedert sy ’n Christen geword het. Eendag toe sy weer van haar geloof met haar gepraat het, het sy uitgeskreeu: “Moenie met my oor Jesus praat nie!”

Sedert daardie tyd het sy nie weer oor haar geloof gepraat nie en het toe voortgegaan met ’n oppervlakkige verhouding. Min het sy geweet dat haar vriendin se suster ’n Christen geword het, en dat sy al jare sonder dat hulle dit weet kerk toe gegaan het.

Daardie môre het sy oor die foon gedeel: “Ek wil net vir jou bel om te sê dat ek gedoop gaan word by my suster se kerk. Baie dankie dat jy jou geloof met my gedeel het al daardie jare gelede, selfs al kon ek dit nie aanvaar het daardie tyd nie.”

Die klas was verstom om te hoor hoe die Here stilweg oor baie jare in die vriendin se hart gewerk het! Prys die Here!